# Tuismeng van voere: Is die kool die sous werd?

*Deur Alheit du Toit, Pr.Sci.Nat, Feedtek*


Dit is geen verrassing nie dat voerkoste dikwels die grootste komponent van produksiekoste in 'n moderne veeboerderystelsel uitmaak. Dit is veral die geval namate boerderypraktyke meer intensief raak; soveel so dat voerkoste tot 75% van die uitgawes kan uitmaak in volledig intensiewe veeboerderye.

Dit is ook welbekend dat die koste van grondstowwe geweldig gestyg het, veral oor die afgelope 12 maande. Dit plaas enorme druk op die koste van voerinsette en uiteindelik die winsgewendheid van veeboerderye.

## Die tuismengbedryf

In Suid-Afrika is die tuismeng van veevoere 'n algemene praktyk en die tuismengbedryf is 'n groot en belangrike komponent van ons voerbedryf. Tuismeng word dekades al suksesvol en wydverspreid toegepas, met verskeie rolspelers wat 'n inset lewer.

Veral herkouervoere word algemeen op plaasvlak vermeng, met selfgeproduseerde ruvoere en graan wat meestal die basis van rantsoene vorm. Vir dié doel is verskeie kommersiële produkte oor die jare ontwikkel, onder andere hoëproteïen konsentrate (HPK's), spesialis makro-voormengsels, mineralekonsentrate en selfs standaard mikro-voormengsels en ander voerbyvoegsels.



*'n Belegging in infrastruktuur en toerusting kan die antwoorde hê op hedendaagse uitdagings en toekomstige voordele.*

Daar is talle standpunte oor tuismeng versus die koop van klaargemengde voere, met baie uiteenlopende menings en argumente wat albei benaderings óf ondersteun óf afraai. Die keuse tussen die genoemde beskikbare opsies, sowel as die ekonomiese implikasies daarvan, is egter meestal nie eenvoudig of voor die hand liggend nie.

## Voordele van tuismeng

Tuismeng bied uiteraard 'n paar voordele vir produsente. Dit stel die boer in staat om meer beheer uit te oefen oor die samestelling en gehalte van voere en lekke wat gemeng word, hoofsaaklik omdat daar beheer is oor die gehalte van en die soort grondstowwe wat gebruik word. Dit bied ook meer buigbaarheid en makliker wysiging van mengsels om spesifieke doelwitte te bereik of veranderinge in marktoestande of omgewingsfaktore te akkommodeer.

Dit is toenemend belangrik waar presisieboerderypraktyke gevolg word en sente deesdae twee keer omgedraai moet word. Sub-optimale voeding lei ook tot vermorsing weens ondoeltreffende benutting van voedingstowwe, wat winsgewendheid sal benadeel.

Andersyds stel dit produsente van ruvoer, graan en proteïensade in staat om hul selfgeproduseerde grondstowwe soos sifsels te benut, of vir ander om dit kostedoeltreffend plaaslik te koop. Dit kan ook 'n kostevoordeel bied, aangesien die vervoer na en van voervervaardigers en bykomende winsmarge op grondstowwe uitgeskakel word. Kleiner hoeveelhede grondstowwe kan op 'n slag gekoop en vermeng word, wat kontantvloeibestuur in sommige gevalle kan vergemaklik.

Hoë-vog grondstowwe soos kuilvoere of nat voerbyprodukte kan dikwels nie geberg of oor lang afstande vervoer word nie, wat die gebruik daarvan in tuismengstelsels die enigste opsie maak. Plaaslik beskikbare byprodukte van voedselverwerking en ander bedrywe kan eweneens makliker in tuisvermengde voere aangewend word as op kommersiële fabrieksvlak.

## Nadele en uitdagings

Soos enigiets in die lewe is daar ook nadele en uitdagings aan verbonde. Hoër bestuurs-, tyds- en arbeidsinsette moet verreken word. Veral in groter boerderye waar noemenswaardige volumes voer verbruik word, is kapitaalinvestering in die korrekte infrastruktuur en toerusting vir voerverwerking, meng en berging uiters belangrik. Bergingspasie vir grondstowwe en vermengde voer moet ook in ag geneem word.

Gehaltebeheer en korrektheid van die mengprosedures, sowel as die koop van die korrekte grondstowwe, is die boer se verantwoordelikheid en moet noukeurig bestuur word. Dit sluit in die ekonomiese verkryging en soms vooruitkontraktering van graan, ruvoer en oliekoek. Afhangend van die kompleksiteit van boerderystelsels en tipe diere, sowel as die tipe voormengsel of HPK wat gebruik word, kan die voermengsels redelik kompleks raak en 'n mate van presisie is dus noodsaaklik.

## Vereistes vir sukses

Ekonomiese, tydige verkryging van die korrekte grondstowwe en goeie besluite daaroor is belangrik vir winsgewendheid. Weldeurdagte stelsels en noukeurige bestuur skakel baie foute uit. So ook moet die nodige toerusting en infrastruktuur in ooreenstemming met die grootte en kompleksiteit van die betrokke boerdery aangeskaf en opgerig word.

Dit is baie belangrik om die korrekte produkte te gebruik wat hanteerbaar is in 'n spesifieke stelsel. Byvoorbeeld, die inmeng van individuele chemiese bestanddele soos sommige minerale, vitamiene en voerbyvoegsels, waarvan dikwels gramme of milligramme per ton voer ingesluit word, word nie op



*Hoë-vog grondstowwe soos kuilvoere of nat voerbyprodukte kan dikwels net in tuismeng-stelsels gebruik word.*

plaasvlak aanbeveel nie en hou groot risiko's in as dit teen foutiewe hoeveelhede ingesluit word. Korrekte, wetenskaplik gebalanseerde voerformulasies, oftewel voermengsels, is egter sentraal tot suksesvolle tuismeng.

## Rol van die veekundige

Om 'n aantal roumateriale saam te gooi is op sigself maklik en lyk dalk eenvoudig, maar dierevoeding en veral mineralevoeding is 'n geweldige komplekse veld, met baie interaksies en nuanses. 'n Goed opgeleide professionele veekundige, met die nodige ondervinding en ondersteunende tegnologie soos rekenaarformulasie- en moduleringsprogramme, kan kostedoeltreffende en wetenskaplik gebalanseerde voere saamstel en uiteindelik doeltreffende voerbenutting en winsgewendheid bevorder.

'n Veekundige kan ook hulp verleen met die evaluasie van grondstowwe, nodige wysigings en advies oor belangrike bestuurspraktyke. 'n Maklik bereikbare, prakties geörienteerde veekundige kan van onskatbare waarde wees vir die boer. Kies dus 'n goed opgeleide veekundige met integriteit met wie jy kan saamwerk en wat jy vertrou.

## Weldeurdagte besluite

Uiteindelik kom die keuse tussen tuismeng op plaasvlak en klaar vermengde voere neer op die spesifieke situasie binne die betrokke boerdery, beskikbare hulpbronne, doelwitte en presisievlak, sowel as die eksterne omstandighede waarin dit bedryf word. Neem dus deeglik bestek van die onderskeie faktore wanneer 'n besluit geneem word, maar neem ook die toekoms in ag.

Beleggings in infrastruktuur en toerusting kan die oplossing vir die nadele en uitdagings van die hede wees en baie voordele vir die toekoms inhou. Veral groeiende boerderyondernemings kan baie baat vind by hierdie toekomsgerigte benadering en hulself strategies belyn om stelselmatig te vorder na 'n uiteindelike doelwit.

Die voordele van tuismeng word meer namate ekonomie van skaal in die onderneming se guns begin tel. Dit lei daartoe dat die meeste groot boerderye, soos kommersiële voerkrale, uiteindelik voere tuis meng of vertikaal integreer en in mengeenhede belê.

Die tuismeng van voere is sonder twyfel 'n praktyk wat suksesvol en hoogs winsgewend toegepas kan word, nou en in die toekoms, mits dit korrek aangepak word en die regte professionele tegniese bystand ontvang. VP

Vir meer inligting, kontak
Alheit du Toit by alheit@feedtek.co.za
of besoek *www.feedtek.co.za*.